**BOARD / RAAD**

**KENNISGEWING 36 VAN 2017**

National Agricultural Marketing Council
Promoting market access for South African agriculture

## UITNODIGING OM TE REGISTREER AS 'N DIREK GEAFFEKTEERDE GROEP IN TERME VAN DIE WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, WET NO. 47 VAN 1996, SOOS GEWYSIG

Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) se "Register van Direk Geaffekteerde Groepe" vir elke kommoditeit in die landboubedryf bestaan al vir 20 jaar. Sedert 1997 was die Register jaarliks opgedateer, maar meeste van die destydse geregistreerde groepe se besonderhede het verander, of van die groepe is nie meer in landbou betrokke nie. Derhalwe het die NLBR besluit om 'n nuwe Register op te stel.

**'n Direk geaffekteerde groep is enige groep persone wat betrokke is by die produksie, verkoop, koop, verwerking of verbruik van 'n landbouproduk en sluit arbeid in wat in diens is by die produksie of verwerking van so 'n produk.**

Die register word onder andere gebruik om aansoeke vir statutêre maatreëls, (statutêre inmenging in die landboubedryf) onder die aandag van direk geaffekteerde groepe te bring en sodanige geaffekteerdes te nooi om besware of vertoë aangaande 'n versoek binne 'n bepaalde tyd by die NLBR in te dien. Die kommentare van direk geaffekteerde groepe word in ag geneem in die formulering van die NLBR se aanbevelings aan die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

Stuur asb die volgende inligting aan die NLBR om te registreer en sodoende in die nuwe Register opgeneem te word:

- Naam van die organisasie/ besigheid/ groep
- Landbouprodukte waarvoor geregistreer word, bv. mielies, rooivleis, sitrus, ens.
- Groep waarvoor geregistreer word bv. produsent, handelaar, invoerder, verwerker, ens
- Kontakpersoon
- Posadres, telefoon en faksnommers
- E-pos adres en webadres

**Alle geaffekteerde groepe in die landboubedryf word hiermee vriendelik versoek om by die NLBR te registreer, deur so spoedig moontlik die bogenoemde inligting te stuur (fax 012 341 1911/ 086 626 4771 or e-mail lizettem@namc.co.za).**

Navrae: Lizette Mellet, tel no 012 341 1115/ 012 400 9760